



**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE
GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 19 AUGUSTUS 2020 OM 10:00**

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, raadsheer T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, raadsdame M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Raadsheer R F van der Westhuizen
Raadsdame M van Zyl

Ander raadslede:

Die Speaker, rdl M A Rangasamy

Beamptes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Bestuurder: Begrotingskantoor, me H Papier
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdh R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen verskonings is ontvang nie.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen.

4. NOTULES

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-
VERGADERING GEHOU OP 15 JULIE 2020**

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 15 Julie 2020 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

**4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 12
AUGUSTUS 2020**

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1/...

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJESKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 12 AUGUSTUS 2020

Aanbevelings voorgelê vir bekragtiging:

5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig;

BESLUIT VERDER

(b) Dat kennis geneem word van die verduideliking van die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste ten opsigte van die oorbelaaiing van die elektriese netwerk weens die vestiging van addisionele huishoudings op erwe;

(c) Dat voormelde tendens veral probleme tydens beurtkrag skep wanneer die elektriese netwerk oorlaai word as die krag weer aangeskakel word en dan verdere kragonderbrekings ervaar word;

(d) Dat, ten einde voormelde probleem aan te spreek, addisionele kapasiteit vanaf die Klipfontein Substasie intussen bekom is, maar eintlik benodig word vir die De Hoop behuisingsprojek;

(e) Dat kennis geneem word dat dit die verantwoordelikheid is van huishoudings om elektriese toerusting teen netwerkstuwings te beskerm.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4 BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

7. NUWE SAKE

7.1 BEGROTINGSBEHEERKOMITEE: TEGNIESE AANBEVELINGS INSAKE DIE 2020/2021 OORROL AANSUIWERINGSKAPITAAL EN –BEDRYFSBEGROTING (5/1/1/1, 5/1/1/2, 5/1/4)

Die 2020/2021 Oorrol Aansuiweringskapitaal- en bedryfsbegroting 'n spesiale vergunning van die Nasionale en Provinsiale Tesourie en word noodsaak omdat (1) projekte befonds uit die 2019/2020 finansiële jaar nie gedurende die aanvanklike streng nasionale grensdeltydperk voltooi kon word nie, ingesluit die RSEP en behuisingsprojekte en (2) gewysigde nasionale en provinsiale toekennings, onder andere, 'n verhoging in die Deernissubsidie.

Die Begrotingsbeheerkomitee/...

7.1/...

Die Begrotingsbeheerkomitee het op 19 Augustus 2020 die 2020/2021 Oorrol Aansuiweringkapitaal- en bedryfsbegroting oorweeg vir voorlegging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

BESLUIT

- (a) Dat die Begrotingsbeheerkomitee vergader het om verduidelikings en motivering van die finansiële personeel en ander direkteure te oorweeg;
- (b) Dat dit in ag geneem moet word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2020/2021 finansiële jaar nie, maar sal lei tot 'n vermindering in die oorspronklike begrote tekort uitgesluit kapitale toekennings en ontwikkelingsbydraes, van R14 747 267 na R1 929 267;
- (c) Dat dit in ag geneem word dat die 2020/2021 oorrol aansuiweringbegroting nie 'n impak het op die 2021/2022 en 2022/2023 buite finansiële jare soos goedgekeur op 28 Mei 2020 nie;
- (d) Dat goedkeuring verleen word vir die oorrol van ongespandeerde RSEP befondsing, onderhewig aan Provinsiale Tesourie se goedkeuring, ten opsigte van die 2019/2020 finansiële jaar ten bedrae van R3 186 291 wat die RSEP befondsde projekte sal verhoog na R6 186 291;
- (e) Dat goedkeuring ook verleen word vir die oorrol van ongespandeerde fondse van Menslike Nedersettings, onderhewig aan Provinsiale Tesourie se goedkeuring, ten opsigte van die 2019/2020 finansiële jaar, vir die bedrag van R11 650 116 en die oorrol van eie fondse (CRR) vir die bedrag van R6 397 406;
- (f) Dat die aangepaste begrotingskedule soos vereis deur die Begroting en Verslagdoening Regulasies goedgekeur word, soos in **(Annexure B: Budget Report and B-Schedules 2020/21 – 2022/23)** uiteengesit sowel as die regstellings aan die 2020/2021 oorspronklike begrotingskedules wat tydens die verifikasieproses geïdentifiseer is;
- (g) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die statutêre vereistes van die MFMA en dienooreenkomstig Nasionale en Provinsiale Tesourie inlig;
- (h) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienooreenkomstig gewysig word;
- (i) Dat goedkeuring verleen word om die hoë-vlak kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2020/2021 as volg te wysig:

	Oorspronklike Begroting 2020/21	Oorrol Aansuiwering begroting 2020/21	Oorspronklike Begroting 2021/22	Oorspronklike Begroting 2022/23
Kapitaalbegroting	212 435 837	213 132 732	137 639 479	137 710 243
Bedryfsuitgawes	810 670 080	811 033 080	889 949 652	924 976 102
Bedryfsinkomste	882 786 413	890 266 902	928 907 555	998 866 120
Begrote (Surplus)/ Tekort	(72 116 333)	(79 233 822)	(38 957 903)	(73 890 018)
Minus: Kapitaal Toekennings, Donasies & Ontwikkelingsbydraes	86 863 600	81 163 089	28 897 050	66 713 153
(Surplus)/ Tekort	14 747 267	1 929 267	(10 060 853)	(7 176 865)

7.2 GOEDKEURING VAN 'N TYDSKEDULE VIR DIE 4^{de} HERSIENING VAN DIE 2017-2022 GOP EN DIE OPSTEL VAN DIE JAARLIKSE BEGROTING (2/1/4/4/1)

Die burgemeester moet ingevolge artikel 21(1)(b) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) ten minste tien maande voor die begin van die begrotingsjaar 'n tydskedule aan die Raad voorlê met sleutel sperdatums insake die hersiening van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en begrotingsproses.

BESLUIT

Dat die tydskedule vir die 4de hersiening van die GOP en die opstel van die jaarlikse begroting kragtens artikel 21(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, vir goedkeuring by die Raad aanbeveel word.

7.3 SALGA SE SOLIDARITEITSFONDS EN DIE BESLUIT OM NIE IN DIE 2019/2020 FINANSIËLE JAAR DIE LEDEGELDE TE BETAAL NIE (5/9/2/1/3)

'n Skrywe gedateer 19 Mei 2020 is aan SALGA gerig na aanleiding van die besluit van die Raad om, onder andere, nie in die 2019/2020 finansiële jaar enige verdere ledegeld aan SALGA oor te betaal nie.

SALGA het per skrywe gedateer 30 Julie 2020 omvattend gereageer op die skrywe van Swartland Munisipaliteit met die beroep dat ledegelde wel betaal word.

BESLUIT

- (a) Dat daar kennis geneem word van die omvattende reaksie van die Wes-Kaapse SALGA kantoor per skrywe gedateer 30 Julie 2020 in antwoord op die Uitvoerende Burgemeester se skrywe van 19 Mei 2020 (na aanleiding van 'n Raadsbesluit van 12 Mei 2020);
- (b) Dat daar verdere kennis geneem word, dat alhoewel al die bekommernisse soos deur Swartland Munisipaliteit aangeraak, nie volledig aangespreek en besweer is nie, daar ook begrip is vir die omgewing waarin SALGA funksioneer – (en veral die Wes-Kaapse kantoor);
- (c) Dat daar kennis geneem is van die skriftelik bevestiging dat die “early bird special” van 5% eweneens vir Swartland Munisipaliteit beskikbaar sal wees en dat goedkeuring verleen word om die ledegelde te betaal;
- (d) Dat van die uitstaande aspekte met SALGA deur die onderskeie strukture opgeneem word.

7.4 GOEDKEURING VAN DIE ONDERNEMINGSRISIKOBESTUURSBELEID (5/15/16)

Die beleid het ten doel om 'n proses te vestig waardeur risiko's geïdentifiseer kan word wat 'n bedreiging inhou vir volhoubare dienslewering en die bereiking van die Munisipaliteit se doelwitte. Die proses behels verder die mitigering van die geïdentifiseerde risiko's om die bestuur van die Munisipaliteit te optimaliseer.

Die gewysigde Ondernemingsrisikobestuursbeleid is met die sakelys gesirkuleer vir oorweging en goedkeuring.

BESLUIT

- (a) Dat die gewysigde Ondernemingsrisikobestuursbeleid goedgekeur word vir implementering omrede dit 'n verskeidenheid van voordele vir die Munisipaliteit inhou, byvoorbeeld:
 - (i) meer doeltreffende, betroubare en koste effektiewe dienslewering;
 - (ii) meer betroubare besluitneming;
 - (iii) minder verrassings en krisisse deur bestuur in staat te stel om effektief te handel met potensiële opkomende risiko's wat onsekerheid kan skep; en

7.4(a)/...

- (iv) beter uitsette en uitkomste deur die verbetering in die bestuur van projekte en programme;
- (b) Dat die "Risk Appetite"-vlak van 15 – "Impact x Likelihood" = 15 (5x3) en (3x5) aanvaar word;
- (c) Dat die "Risk Tolerance"-vlakke van 16 (4x4) en hoër nie aanvaarbaar is nie en moet dit bestuur word.

7.5 MANDAAT VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE EN RISIKO OUDITKOMITEE (5/15/1/3)

Die Handves van die Prestasie en Risiko Ouditkomitee wat die pligte en verantwoordelikhede van die lede bevat is tydens 'n vergadering gehou op 2 Junie 2020 deur die lede bespreek en aanvaar.

BESLUIT

Dat die Handves van die Prestasie en Risiko Ouditkomitee goedgekeur word en deur die lede van die Ouditkomitee aanvaar word vir hulle om bewus te wees van hul verantwoordelikhede.

7.6 UITSpraak INSAKE COVID-19 INPERKING EIS: TENDER 45/18/19 (8/1/B)

Roadmac Surfacing Cape is per tender T45/18/19 aangestel vir die verskaffing van asfaltdienste vir die periode 1 Julie 2019 tot 30 Junie 2020.

Die kontrakteur is egter weens die uitbreek van die COVID-19 pandemie en gevolglike grendeltydperk nie toegelaat om enige dienste aan die Munisipaliteit te lewer vir die periode tussen 27 Maart 2020 en 3 Mei 2020 nie en het diensooreenkomstig 'n tyd- en koste-eis ten bedrae van R3,499 miljoen teen die Munisipaliteit ingedien.

Die dienste van die Raadgewende Ingenieur, Aurecon, is bekom om 'n onafhanklike mening te gee en 'n uitspraak te lewer aangaande die hantering van die tyd- en koste-eis deur Roadmac Surfacing Cape.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word dat uitspraak gelewer was in terme van Klousule 8.3.2 van die Algemene Kontrakvoorwaardes vir Konstruksiewerke, Derde Uitgawe - 2015 (AKV 2015) vir die eis soos ingedien deur Roadmac Surfacing Cape ten bedrae van R3,499 miljoen, onder tender *T45/18/19: Supply of Asphalt Services for the Period 1 July 2019 to 30 June 2020*;
- (b) Dat kennis geneem word dat geen Raadgewende Ingenieur by die projek betrokke is nie, en dat die dienste van Aurecon bekom is om 'n onafhanklike mening te gee en 'n uitspraak te lewer insake die verlaagde uitbreiding van tyd van 21 dae en tyd-verbonde algemene kostes van R217,350.00 (BTW en KPA uitgesluit);
- (c) Dat kennis geneem word dat die Kontrakteur die mening van Aurecon per skrywe van 31 Julie 2020 skriftelik aanvaar het en geen verdere kontraktuele basis het om eise in te stel rakende hierdie aangeleentheid onder hierdie kontrak nie;
- (d) Dat die aksie geneem deur die Munisipale Bestuurder in die finalisering en lewering van die uitspraak op die eis gekondoneer word deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

7.7/...

7.7 ONTWIKKELING VAN ERWE 11203, 327 EN 8654, MALMESBURY: OPGRADERING VAN DIE N7 NOORDELIKE WISSELAAR (16/5/B)

Verskeie ingenieurstudies is onderneem om die impak van die beoogde ontwikkeling op erwe 11203, 327 en 8654, Malmesbury te bepaal wat, onder andere, 'n hospitaal, winkelsentrum en motorhandelaar insluit.

Die verkeersimpakstudie het die opgradering van die N7 noordelike wisselaar as 'n noodsaaklikheid uitgewys weens die addisionele ritte wat gegenereer sal word. Ten einde die ontwikkelaar in staat te stel om die voorgestelde verkeersirkel te implementeer, moet goedkeuring van die betrokke owerhede verkry word, naamlik SANRAL, die Departement van Openbare Werke en Vervoer en Swartland Munisipaliteit.

SANRAL en die betrokke Departement kon egter nie ooreenkom oor die eienaarskap van 'n gedeelte HP 174 (Voortrekkerstraat) nie en word voorgestel dat die betrokke gedeelte aan die Munisipaliteit oorgedra word om verdere vertragings te voorkom.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die voorgestelde vyf been verkeersirkel by die N7 noordelike wisselaar om die voorgestelde ontwikkeling op erwe 11203, 327 en 8654, Malmesbury te akkommodeer;
- (b) Dat kennis geneem word dat die voorgestelde verkeersirkel die goedkeuring van beide SANRAL en die Provinsiale Departement van Vervoer en Openbare Werke benodig;
- (c) Dat kennis geneem word dat SANRAL ten gunste is van die voorgestelde verkeersirkel en dat die Provinsiale Departement van Vervoer en Openbare Werke vereis dat die betrokke gedeelte van HP 174 (Voortrekkerstraat), soos aangedui op die tekening, oorgedra word aan SANRAL;
- (d) Dat kennis geneem word dat SANRAL en die Provinsiale Departement van Vervoer en Openbare Werke nie tot 'n vergelyk kan kom oor die vereiste oordrag nie;
- (e) Dat goedkeuring verleen word dat die betrokke gedeelte van HP 174 eerder aan Swartland Munisipaliteit oorgedra word sodat vordering gemaak kan word met die goedkeuring van die voorgestelde ontwikkeling op erwe 11203, 327 en 8654;
- (f) Dat kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit alle uitgawes verbonde aan die onderhoud van betrokke gedeelte van HP 174 toekomstig self sal moet dra, indien die voorgestelde oordrag suksesvol is;
- (g) Dat kennis geneem word dat alle uitgawes verbonde aan die voorgestelde oordrag deur die ontwikkelaar gedra sal word.

7.8 MUNISIPALE BEHUISINGSPPYLYN INGEVOLGE DIE RAAD SE MENSLIKE NEDERSETTINGSPLAN- VERANDERING T.O.V. KALBASKRAAL BEHUISING (17/4/2/B)

Die aangepaste Behuisingspyplyn is op 20 Mei 2020 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging voorgelê.

Die geleentheid in Kalbaskraal is foutiewelik aangedui as 'n behuisingsprojek vir die 2021/2022 en 2022/2023 finansiële jare en is daar reeds 'n aanvang geneem om gedienste erwe beskikbaar te stel. Die behuisingsprojek moet dus aangeskuif word as toekomstige behuisingsgeleentheid. 'n Aanduiding is verder gegee deur die Departement van Menslike Nedersettings dat die DORA-allokasie aan munisipaliteite gesny gaan word wat 'n verdere invloed op die behuisingspyplyn sal hê.

7.8/...

Die voorsitter beklemtoon dat die Behuisingspyplyn as 'n beplanningsdokument beskou word en dat die uitvoering daarvan onderhewig is aan die beskikbaarheid van fondse, geskikte grond en grootmaatsdienste in die onderskeie dorpe.

BESLUIT

Dat die goedkeuring van die Munisipale Behuisingspyplyn terugverwys word na aanleiding van die vergadering met die Minister van Behuising op 18 Augustus 2020 wat wysigings aan die pyplyn noodsaak.

7.9 VERSLAG OOR GEMEENSAPONTWIKKELINGSPROJEKTE 2019/2020: UITKOMSTE EN IMPAKTE (17/2/2)

Die Afdeling: Gemeenskapsontwikkeling moet op 'n jaarlikse basis verslag doen insake die uitkomste en impakte van gemeenskapsontwikkelingsprojekte ingevolge die Swartland Munisipale Sosiale Ontwikkelingsbeleid en -Strategie.

Die verslag, soos met die sakelys gesirkuleer, sluit die uitkomste en impakte van die projekte in wat gedurende 2019/2020 finansiële jaar aangebied is, en wat ook in lyn is met die volgende ses fokusareas in die Strategie:

- (1) Bevorder die formalisering van Vroeë Kinderontwikkeling en –fasiliteite (ECD) (ouderdom 0 – 6)
- (2) Bevorder kinderontwikkeling (ouderdom 7 – 14)
- (3) Bevorder jeugontwikkeling (ouderdom 15 – 35)
- (4) Bevorder skakeling en koördinerings
- (5) Fasiliteer toegang tot die ekonomie
- (6) Lobbywerk vir die kwesbare groepe

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die uitkomste en impakte van projekte onderneem in die 2019/2020 finansiële jaar ingevolge die ses fokusareas en KPI's soos vereis deur die Swartland Munisipaliteit se Sosiale Ontwikkelingsbeleid en –Strategie;
- (b) Dat die verslag aan alle raadslede gesirkuleer word.

7.10 HUUR VAN MUNISIPALE MEENTGROND TE MALMESBURY / SWARTLAND VOORTREKKERS / (12/2/4-8/4)

Die Raad verhuur 'n gedeelte munisipale meentgrond (groot ±2082 m²), geleë oorkant die Swartland Hoërskool te Malmesbury aan die Swartland Voortrekkers vir normale opvoedkundige doeleindes van die beweging.

Die huurooreenkoms verstryk op 31 Augustus 2020.

BESLUIT

- (a) Dat 'n gedeelte meentgrond (groot ±2082m²) te Malmesbury, aan die Swartland Voortrekkerkommando verhuur word vir 'n termyn van een (1) jaar m.i.v. 1 September 2020;
- (b) Dat huurgeld vasgestel word op R120,00 plus BTW, per jaar;
- (c) Dat die huurvoorwaardes onveranderd bly.

7.11 UITSTAANDE DEBITEURE: JULIE 2020 / (5/7/1/1)

Item onttrek.

7.12/...

7.12 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die vordering met uitstaande versekeringseise vir die periode eindigend 31 Julie 2020.

7.13 AANSOEK OM VAKANSIEVERLOF DEUR MUNISIPALE BESTUURDER EN AANWYS VAN WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER (4/8/3)

Die Munisipale Bestuurder moet by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aansoek doen om verlof te neem.

BESLUIT

- (a) Dat die verlof wat die Munisipale Bestuurder geneem het, vanaf 6 tot 8 Julie 2020, goedgekeur word;
- (b) Dat die aansoek om verlof van die Munisipale Bestuurder vir die volgende dae goedgekeur word, naamlik:
 - (i) 11 Augustus 2020 tot 14 Augustus 2020 (4 dae); en
 - (ii) 25 September 2020 (1 dag);
- (c) Dat daar kennis geneem word dat die Direkteur: Beskermingsdienste vanaf 11 tot 14 Augustus 2020 waarneem as Munisipale Bestuurder, en dat 'n Direkteur nader aan die tyd, t.o.v. 25 September 2020 aangewys sal word.

**(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER**